**Dinsdag 18 Augustus**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Numeri 27 – 36**

## Die reg van die vrou

Dié hoofstukke in Numeri sal feministe se bloeddruk laat styg en laat vra: "Waarom was dogters nie dieselfde as seuns behandel nie? Waarom kon hulle nie ook grond erf nie?" Die antwoord is eenvoudig: Die wet moes allereers vir gelykberegtiging tussen die 12 stamme van Israel voorsiening maak. Geen stam mog die grondgebied van sy broerstam inpalm nie. Daarom is die grense tussen die stamme van Israel baie duidelik afgebaken.

As dogters egter ook grond mag erf, maar met mans uit 'n ander stam trou, sou dié grond na hulle mans se stamme oorgaan. Daarom was daar 'n voorwaarde aan die dogters van Selofgad gestel: Julle kan net die grond van julle vader erf (hy het geen seuns gehad nie) as julle met manne uit julle eie stam trou. Om die grond nie net vir die stam nie, maar ook vir die familie te behou, het hulle toe met neefs getrou (Num. 36:11).

Volgens Galasiërs 3:19 was hierdie wette nie oorspronklik in God se verbond opgeneem nie. Dit is eers later, as gevolg van die sonde, bygevoeg. Daarby was die wette net vir 'n sekere tyd bedoel, sê dieselfde teks. Met die koms van Christus het 'n veel beter bedeling, naamlik van die geloof en die Gees, aangebreek. In dié bedeling is daar geen plafon vir geestelike groei en vryheid nie. Soveel groter hoogtes kan geestelik bereik word. Daarom is dit 'n veel beter bedeling.

In kort: In die ou bedeling was sulke wette (soos in Num. 27) noodsaaklik. Daar is egter 'n nuwe bedeling, vry van die bande van voorskriftelikheid, waarin ook die vrou waarlik tot haar reg kan kom.

*Sing: Skrifberyming 24:5*
*Ds. AS (Andries) Heystek (Emeritus)*